**LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK**
**HOU WEGGESLUIT EN BUITE BEREIK VAN KINDERS**

# Camix®

syngenta

Reg. Nr. **L8089** Wet Nr. 36 van 1947 **N-AR 1011** (Namibië)

**'n Suspensie emulsie sistemiese vooropkomsonkruiddoder vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruide, grasse en die onderdrukking van sekere onkruide in mielies.**

| GROEP | 27 / 15 | ONKRUID DODER |
|---|---|---|

**Aktiewe Bestanddele:**
**mesotrioon (callistemoon).................... 83,3 g/ℓ**
**s-metolachlor (α-chloorasetamied).. 416,7 g/ℓ**

Product names marked ® or ™ , the ALLIANCE FRAME the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company

**WAARSKUWING**

**Gevaarstellings:** Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Veroorsaak ernstige oogirritasie. Word daarvan verdink dat dit die ongebore kind kan beskadig. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte. **Voorsorgaanbevelings: Voorkoming:** Kry spesiale instruksies voor gebruik. Vermy asemhaling van mis of damp(e). Dra beskermende handskoene/ beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming/ gehoorbeskerming. **Reaksie:** Indien blootgestel of bekommerd, kry mediese advies/aandag. Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/ aandag. **Verwydering:** Versamel gemorste produk.

**NOOD TEL NR.:**
**+27 82 446 8946 (Griffon)**

**UN 3082**

Registrasiehouer
**Syngenta SA (Edms.) Bpk.**
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

## 1. WAARSKUWINGS:

**Gevaarstellings:** Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Veroorsaak ernstige oogirritasie. Word daarvan verdink dat dit die ongebore kind beskadig het. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

**Onthoudingsperiodes:** Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes of beweiding.

**MIELIES........................................................ 56 dae**

- Mag vel- en oogirritasie veroorsaak.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Bewaar in 'n koel droë plek weg van voedsel en voer.
- **Moet nie toedien op suikermielies of springmielies nie.**
- **Lugtoediening:** Stel al die bewoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.
- **Herbetreding:** Moet nie die behandelde gebied betree nie alvorens spuitneerslag droog is nie tensy beskermde oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## 2. VOORSORGMAATREËLS:

**Voorsorgaanbevelings: Voorkoming:** Kry spesiale instruksies voor gebruik. Vermy asemhaling van mis of damp(e). Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming/gehoorbeskerming. **Reaksie:** Indien blootgestel of bekommerd, kry mediese advies/aandag. Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/aandag. **Verwydering:** Versamel gemorste produk.

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

### Vir veiligheid tydens vermenging:

- Dra oogbeskerming (gesigskerm). Indien **CAMIX** in jou oë kom, spoel dit onmiddellik met lopende water uit vir ten minste 15 minute.
- Dra rubberhandskoene. Indien dit op jou vel kom, was dit dadelik af.
- Indien dit op jou klere mors, trek uit en was dit.
- Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die houer daarna drie (3) maal uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgestelde wyse vernietig word.

### Vir veiligheid tydens toediening:

- Vermy inaseming van die spuitnewel.
- Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik.
- Vermy oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.

### Vir veiligheid na toediening:

- Maak toediener deeglik skoon na gebruik.
- Vermy bespuiting, leegmaak of uitspoel van toerusting op of naby bome of plante of binne hul wortelsone.
- Raak van waswater ontslae waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Vernietig leë houer op die voorgestelde wyse en moet dit

nie vir enige ander doel hergebruik nie.
- Trek werksklere uit en was dit.
- Was jouself.

## 3. RELEVANTE STOWWE:

| Chemiese naam | |
|---|---|
| **s-metolachlor** | |
| **Klassifikasie** | **Konsentrasie (% w/w)** |
| Vel Sens. 1; H317<br>Akwaties Akuut 1; H400<br>Akwaties Chronies 1; H410<br><br>M-Faktor<br>(Akute akwatiese toksisiteit): 10<br>M-Faktor<br>(Chroniese akwatiese toksisiteit): 10 | ≥ 30 - < 50 |
| **Chemiese naam** | |
| **mesotrioon (ISO)** | |
| **Klassifikasie** | **Konsentrasie (% w/w)** |
| Repr. 2; H361d<br>STOT RE 2; H373<br>(Senuweestelsel, oë)<br>Akwaties Akuut 1; H400<br>Akwaties Chronies 1; H410<br><br>M-Faktor<br>(Akute akwatiese toksisiteit): 10<br>M-Faktor<br>(Chroniese akwatiese toksisiteit): 10 | ≥ 3 - < 10 |
| **Chemiese naam** | |
| **benoxacor** | |
| **Klassifikasie** | **Konsentrasie (% w/w)** |
| Vel Sens. 1; H317<br>Akwaties Chronies 1; H410<br><br>M-Faktor<br>(Chroniese akwatiese toksisiteit): 1 | ≥ 1 - < 2,5 |
| **Chemiese naam** | |
| **1,2-bensisotiasool-3(2H)-een** | |
| **Klassifikasie** | **Konsentrasie (% w/w)** |
| Acute Tox. 4; H302<br>Vel Irrit. 2; H315<br>Oog Skade. 1; H318<br>Vel Sens. 1; H317<br>Akwaties Akuut 1; H400<br>Akwaties Chronies 2; H411<br><br>M-Faktor<br>(Akute akwatiese toksisiteit): 1 | ≥ 0,025 - < 0,05 |

## 4. WEERSTANSBESTUUR:

**CAMIX** is 'n groepkode 27 en 15 onkruiddoder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **CAMIX**, of enige ander groepkode 27 of 15 onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **CAMIX** of enige ander groepkode 27 of 15 onkruiddoder, beheer word nie.

**Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:**

- Vermy die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van onkruiddoders in dieselfde onkruiddoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengels van produkte in verskillende onkruiddoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruiddoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## 5. GEBRUIKSBEPERKINGS:

### 5.1 Algemeen

- Moet nie **CAMIX** toedien op suikermielies, springmielies en ingeteelde ouerplante van moederlyne of nuutvrygestelde mieliekultivars sonder om eers jou verskaffer of saadfirma vooraf te raadpleeg nie.
- Moet nie **CAMIX** deur enige besproeiingstelsel toedien anders as 'n spilpunt nie.
- Grondversteuring na vooropkomsbehandelings (bv. skoffelbewerkings) kan lei tot die ontkieming van nuwe onkruide wat swak beheer tot gevolg sal hê.

### 5.2 Opvolggewasse

Indien slegs **CAMIX** gespuit is, moet die volgende wagperiodes nagekom word:

| | | |
|---|---|---|
| a | Koring en gars | 1 maand |
| b | Graansorghum | 2 maande |
| c | Aartappels | 6 maande |
| d | Sojabone, droëbone, grondbone, sonneblom en katoen | 9 maande |
| e | Alle ander gewasse | 24 maande |

- Indien **CAMIX** en GESAPRIM SUPER gemeng word, volg die gewas rotasie aanbevelings soos aangedui op die GESAPRIM SUPER etiket.
- Alle wisselbougewasse moet slegs na 'n deeglike grondbewerking geplant word. Aangesien die produk gemetaboliseer word deur mikrobiese aktiwiteit, mag periodes van lae mikrobiale aktiwiteit die residuele werking van **CAMIX** verleng.

**'n Diep ploeg-aksie sal grond losmaak en gekompakteerde lae ophef om so voldoende omkering van grond te verseker.**

**Waarskuwing:** Moontlike beskadiging van triasien sensitiewe gewasse

- Waar gronde met kalk behandel is om die pH te verhoog mag die moontlikheid van gewas beskadiging dramaties verhoog in gronde waar triasienes voorheen toegedien is. Dit gebeur as gevolg van die triasien molekule wat op die klei kompleks vervang word met kalsium katione en die triasien dus meer beskikbaar word in die grondwater kompleks.
- Slegs mielies moet geplant word direk na kalk toedienings Geen triasien sensitiewe gewasse moet na kalk toedienings geplant word nie. Dit is selfs van toepassing indien triasiene teen wisselbou dosisse gespuit is in vorige jare.
- Triasien sensitiewe gewasse sluit in alle breëblaargewasse

asook alle kleingraangewasse.

- Hierdie waarskuwing waarborg egter nie dat geen skade aan selfs mielies in die daaropvolgende aanplanting sal voorkom nie aangesien groot volumes triasiene beskikbaar mag raak afhangende van die volume kalk wat toegedien word en die reënval wat kan voorkom.

Kontak u plaaslike SYNGENTA verteenwoordiger voordat op enige bekalkings program besluit word om gewas keuses en gewas beskermingsprogramme te bespreek.

### 5.3 Faktore wat onkruidbeheer beïnvloed

#### 5.3.1 Voor-opkomstoediening:

- Goeie saadbed voorbereiding sonder kluite en onkruide is 'n voorvereiste vir goeie voor-opkoms onkruidbeheer.
- Verlengde droë grond toestande na 'n voor-opkoms toediening mag verlaagde beheer van ontkiemende onkruide tot gevolg hê.
- In gronde met hoë-organiese materiaal inhoud of gronde met plant residue op die grond oppervlakte soos bv. gebrande materiaal of stoppels sal **CAMIX** 'n verkorte nawerking hê.
- Moet nie **CAMIX** toedien onder stremmingstoestande nie bv. versuiptoestande, baie koue toestande, oormatige reën, swak kunsmistoediening, lae pH, ens.
- Tenkmengsels van **CAMIX** met organofosfate bv. chlorpirifos moet vermy word aangesien dit kan lei tot gewas skade.
- **CAMIX** moet nie voor-opkoms toegedien word waar vloedbesproeiing gebruik word.

## 6. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

### 6.1 Verenigbaarheid

**CAMIX** is verenigbaar met BROADSTRIKE 800WG (L6180), BATELEUR GOLD (L6136), GESAPRIM SUPER (L3914) en KARATE ZEON (L6330). GESAPRIM SUGPER kan met atrasien plus terbutielasien bevattende formulasies vervang word. Bevestig egter die fisiese verenigbaarheid alvorens gespuit word.

### 6.2 Verdunningswater

Gebruik slegs skoon water en buffer met 'n geregistreerde buffer.

### 6.3 Menginstruksies

- Vul die spuit- of mengtenk met skoon water en aktiveer die roerder.
- Roer aanhoudend gedurende die meng- en toedieningsproses. Indien die roer proses vir langer as vyf (5) minute gestaak word, moet die spuitmengsel hersuspendeer word. Sodra die spuit- of mengtenk halfvol met water is, voeg **CAMIX** stadig by en roer totdat dit volledig gedispergeer het.
- Wanneer in 'n tenkmengsel gebruik word, moet **CAMIX** eerste by die water gevoeg word. Voeg hierna die suspensie konsentrate (SC) soos PRIMAGRAM GOLD by. Hierna kan die emulgeerbare konsentrate (EC) soos KARATE EC of METAGAN GOLD 960 EC of DUAL GOLD bygevoeg word.
- Die benatter moet laaste bygevoeg word.
- Maak die tenk vol met water tot by die verlangde volume terwyl aanhoudend geroer word.

### 6.4 Grondtoediening

- **CAMIX** moet op dieselfde dag wat die mengsel aangemaak is, toegedien word.
- Dien toe deur middel van 'n trekkergemonteerde spuitbalk wat korrek gekalibreer is met aanhoudende roering om ten minste 200 - 300 ℓ spuitmengsel/ha te lewer. Voorkom oorvleueling van spuitwydtes.
- In die geval van sekere voor-opkoms bespuitings met hidrouliese spuitpunte en na-opkoms bespuitings met kousbalk spuite mag die spuitvolume verlaag word na 'n 100 ℓ spuitvolume/ha. Die gebruik van geregistreerde benatters teen die korrekte dosisse, spuitpunt spasiëring en effektiewe bedekking asook spuitpunt grootte word baie belangrik. Die nalaat van hierdie faktore sal beslis tot verswakte beheer van sekere onkruide lei.
- Platwaaier hidrouliese spuitpunte (110º) word aanbeveel vir optimale bedekking.
- Geen voor-opkoms toedienings mag met kousbalk spuite gedoen word nie.
- Indien nie aan hierdie voorsorg maatreëls gehoor gegee word nie, kan die registrasiehouer nie verantwoordelik gehou word vir enige gevolglike verlies as gevolg van swak onkruidbeheer of gewas skade nie.
- Reën of besproeiing van 10 - 20 mm is nodig na toediening om die middel tot in die ontkiemingsone te loog. As hierdie neerslag nie binne 14-dae van toediening plaasvind nie kan 'n verlaagde effektiwiteit verwag word.

### 6.5 Lugtoediening
(Mielies – slegs voor-opkomstoedienings)

**Verhoed altyd die wegdrywing van chemikalië.**

**CAMIX** mag slegs deur lugbespuiting toegedien word deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial application of Agricultural Remedies).

Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

a) Toediening parameters:

- **Volume:** 'n Volume van 25 - 30 ℓ/ha word aanbeveel. Aangesien **CAMIX** nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie doeltreffendheid waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 20 - 30 druppels per cm$^2$ moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 - 400 mikrons word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikrons – hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum beperk word.
- **Vlieghoogte:** Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 - 4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens 'n duik nie, of terwyl dit opstyg of draai nie.

b) Toerusting

- Gebruik geskikte spuitapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur endodrywing (binne die teikenarea) of eksodrywing (buite die teikenarea) sal verseker.
- Die operateur moet 'n stelsel kies wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal produseer.
- Al die spuitpunte/atomiseerders moet in die binneste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te beperk.

c) Meteorologiese toestande:

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Staak toediening indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- **CAMIX** moet nie uit die lug toegedien word tydens onstabiele, turbulente toestande gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die lugtoediening van **CAMIX** onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) tot die volgende probleme mag aanleiding gee:
    - Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
    - Skade aan ander nie-teiken gewasse of ander sensitiewe areas a.g.v die wegdrywing.

### 6.6 Spilpunt toediening

(Slegs voor-opkoms in mielies)

**CAMIX** kan met behulp van 'n spilpunt toegedien word mits dit goed bestuur en onderhou word.

Die spilpunt moet tussen 4.5 mm en 7.5 mm water toedien tydens die toediening van **CAMIX**. Effektiewe beheer van 56 dae sal verkry word waarna die opvolg bespuitings met behulp van 'n gewone trekkerbespuiting gedoen moet word.

KARATE kan by hierdie mengsel gevoeg word om snywurms teen die geregistreerde dosis (70 mℓ/ha) te beheer.

- Bereken die toedieningstempo versigtig en verseker die korrektheid daarvan.
- Dra sorg dat die toediening binne twee (2) dae van plant plaasvind.
- Toedienings mag slegs geskied op lande wat goed voorberei is, 'n goeie fyn saadbed het en waar geen ontkiemende of gevestigde onkruide voorkom nie.
- Toedienings deur die spilpunt moet slegs gedoen word deur spilpunte wat toegerus is met geskikte toedieners.
- Sodra die **CAMIX** oor die hele area met die spilpunt toegedien is moet die volgende watervolumes toegedien word:
    - 10 mm water/ha by 'n klei persentasie van < 20%
    - 15 mm water/ha by 'n klei persentasie van 20 - 35%
    - 20 mm water/ha by 'n klei persentasie van > 35%
- Hou die grond nat vir 'n periode van 7 - 14 dae na toediening.
- Neem kennis dat die toediening van **CAMIX** net so eenvormig toegedien sal wees soos die besproeiings eenvormigheid.
- Moenie **CAMIX** deur die spilpunt toedien in oormatige winderige toestande nie (< 6 $ms^{-1}$)
- Wees versigtig wanneer die spilpunt aan die einde van die toedieningsperiode oorvleuel met die beginpunt vir onnodige skade as gevolg van oordossering.
- Wees versigtig tydens die toediening van **CAMIX** deur die spilpunt aangesien onnodige stop en brekasies kan lei tot oordosering.
- Dra sorg dat boorgate en damme nie gekontamineer word met chemikalië wat in toevoer pype en moederlyne teenwoordig mag wees nie. Die toediening van chemikalië moet verkieslik naby die spilpunt gedoen word. Beide die toedieningspomp en die waterpomp moet van kleppe voorsien wees wat toediening sal staak sodra die voorwaartse beweging van die spilpuntstelsel gestaak word. Die water toevoer pyp moet ook van 'n klep voorsien word wat sal verhoed dat behandelde water sal terugvloei na die waterbron.

## 7. GEWASSE:

### 7.1 MIELIES

- Die toedieningshoeveelheid van **CAMIX** word nie beïnvloed deur die kleipersentasie van die grond nie.
- **CAMIX** kan slegs voor-opkoms van beide die gewas en onkruide toegedien word.
- Die voor-opkoms toediening van **CAMIX** moet op 'n goed voorbereide, onkruidvrye saadbed toegedien word om eweredige verspreiding te verseker.
- Indien **CAMIX** toegedien word soos aangedui, kan beheer van ongeveer 28 - 56 dae verwag word vir die onkruide soos gelys.

#### 7.1.1 Voor-opkomstoediening van CAMIX plus GESAPRIM SUPER

Hierdie voor-opkomstoediening moet gevolg word deur na-opkomstoedienings van geregistreerde mengsels van CALLISTO, GARDOMIL GOLD, METAGAN GOLD of GESAPRIM SUPER ongeveer 5 - 6 weke later soos aangedui op die geregistreerde etikette.

| **CAMIX** | **0.9 ℓ/ha** |
|---|---|
| *Acanthospermum hispidum* | **regop sterklits** |
| *Chenopodium album* | **withondebossie** |
| *Chenopodium carinatum* | **groen hondebossie** |
| *Echinochloa colona* | **moerasgras** |
| *Eleusine indica* | **jongosgras** |
| *Nicandra physaloides* | **basterappelliefie** |
| *Panicum schinzii* | **soet buffelsgras** |
| *Physalis angulata* | **wilde appelliefie** |
| *Setaria pallide-fusca* | **rooi borselgras** |
| *Tagetes minuta* | **khakibos** |
| **CAMIX +<br>GESAPRIM SUPER** | **0.9 ℓ/ha +<br>0.8 - 1.33 ℓ/ha** |
| *Acanthospermum hispidum* | **regop sterklits** |
| *Chenopodium album* | **withondebossie** |
| *Chenopodium carinatum* | **groen hondebossie** |
| *Echinochloa colona* | **moerasgras** |
| *Eleusine indica* | **jongosgras** |
| *Nicandra physaloides* | **basterappelliefie** |

| | |
|---|---|
| **CAMIX +<br>GESAPRIM SUPER** | **0.9 ℓ/ha +<br>0.8 - 1.33 ℓ/ha** |
| *Panicum schinzii*<br>*Physalis angulata*<br>*Setaria pallide-fusca*<br>*Tagetes minuta* | **soet buffelsgras**<br>**wilde appelliefie**<br>**rooi borselgras**<br>**khakibos** |

| | |
|---|---|
| **CAMIX** | **1.2 ℓ/ha** |
| *Acanthospermum hispidum*<br>*Amaranthus hybridus*<br>*Brachiaria eruciformis*<br>*Chenopodium album*<br>*Chenopodium carinatum*<br>*Cleome monophylla*<br>*Commelina benghalensis*<br><br>* *Datura ferox*<br>*Digitaria sanguinalis*<br>*Echinochloa colona*<br>*Eleusine indica*<br>*Eragrostis curvula*<br>* *Hibiscus cannabinus*<br>*Hibiscus trionum*<br>*Nicandra physaloides*<br>*Panicum schinzii*<br>*Physalis angulata*<br>*Polygonum aviculare*<br>*Setaria pallide-fusca*<br>*Tagetes minuta*<br>*Triumfetta pilosa* | **regop sterklits**<br>**gewone misbredie**<br>**litjiesinjaalgras**<br>**withondebossie**<br>**groen hondebossie**<br>**rusperbossie**<br>**Bengaalse wandelende Jood**<br>**grootstinkblaar**<br>**kruisvingergras**<br>**moerasgras**<br>**jongosgras**<br>**oulandsgras**<br>**wildestokroos**<br>**Terblansbossie**<br>**basterappelliefie**<br>**soet buffelsgras**<br>**wilde appelliefie**<br>**voëlduisendknoop**<br>**rooi borselgras**<br>**khakibos**<br>**------** |
| **CAMIX +<br>GESAPRIM SUPER** | **1.2 ℓ/ha +<br>0.8 - 1.33 ℓ/ha** |
| **Bogenoemde onkruide plus** | |
| *Bidens pilosa*<br>*Crotolaria sphaerocarpa*<br>*Tribulus terrestris* | **gewone knapsekêrel**<br>**mielie Crotolaria**<br>**dubbeltjie** |

| | |
|---|---|
| **CAMIX** | **1.5 ℓ/ha** |
| *Acanthospermum hispidum*<br>*Amaranthus hybridus*<br>*Brachiaria eruciformis*<br>*Chenopodium album*<br>*Chenopodium carinatum*<br>*Cleome monophylla*<br>*Commelina benghalensis**<br><br>*Datura ferox*<br>*Digitaria sanguinalis*<br>*Echinochloa colona*<br>*Eleusine indica*<br>*Eragrostis curvula*<br>* *Hibiscus cannabinus*<br>*Hibiscus trionum*<br>*Nicandra physaloides*<br>*Panicum schinzii*<br>*Physalis angulata*<br>*Polygonum aviculare*<br>*Setaria pallide-fusca*<br>*Tagetes minuta*<br>*Triumfetta pilosa*<br>*Urochloa panicoides*<br>*Xanthium strumarium* | **regop sterklits**<br>**gewone misbredie**<br>**litjiesinjaalgras**<br>**withondebossie**<br>**groen hondebossie**<br>**rusperbossie**<br>**Bengaalse wandelende Jood**<br>**grootstinkblaar**<br>**kruisvingergras**<br>**moerasgras**<br>**jongosgras**<br>**oulandsgras**<br>**wildestokroos**<br>**Terblansbossie**<br>**basterappelliefie**<br>**soet buffelsgras**<br>**wilde appelliefie**<br>**voëlduisendknoop**<br>**rooi borselgras**<br>**khakibos**<br>**------**<br>**tuin-Urochloa**<br>**kankerroos** |
| **CAMIX +<br>GESAPRIM SUPER** | **1.5 ℓ/ha +<br>0.8 - 1.33 ℓ/ha** |
| **Bogenoemde onkruide plus** | |
| *Bidens pilosa*<br>*Crotolaria spheaerocarpa*<br>*Cyperus esculentus*<br>*Portulaca oleracea*<br>*Tribulus terrestris* | **gewone knapsekêrel**<br>**mielie Crotolaria**<br>**geel uintjie**<br>**porselein**<br>**dubbeltjie** |
| **Slegs onderdrukking van** | |
| *Bidens bipinnata*<br>*Citrullus lanatus*<br>*Cosmos bipinnatus*<br>*Ipomoea purpurea* | **Spaanse knapsekêrel**<br>**karkoer**<br>**kosmos**<br>**purperwinde** |

* Wisselvallige beheer met **CAMIX** - voeg GESAPRIM SUPER by om die beheer te stabiliseer.

Om die voor-opkomsbeheer van *Tribulus terrestris* te verbeter kan BROADSTRIKE 800WG teen 25 g produk/ha met **CAMIX** vermeng word.

Alle WAARSKUWINGS, WISSELBOU AANBEVELINGS en WAARSKUWINGS asook alle AANBEVELINGS insluitende die WEERSTAND AANBEVELINGS op die BATELEUR GOLD en BROADSTRIKE 800WG etiket moet gevolg word indien dit met CALLISTO vermeng word.

**CAMIX®, DUAL®, GESAPRIM®, METAGAN®, PRIMAGRAM® en KARATE®** is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy. BROADSTRIKE is 'n geregistreerde handelsmerk van Dow Agro Science SA (Edms.) Bpk.

**SYNGENTA AG, 2000.** Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.

SA Reg.: 2014-04-30